

## Eulophia hereroense

een van die Sandveld-orgideë



Na 26 jaar het ek hierdie orgidee weer gekry, nadat ek dit in die vroeë tagtigerjare vir die eerste keer gesien het. Geen wonder nie, want hierdie plant groei in diep skaduwee in sandgrond wat bedek is met 'n redelike dik humuslaag, dus onder digte bosse (baiekeer met dorings aan) en moeilik sigbaar. Dan is die blomme ook nog half bruin; hoe wil jy dit raaksien?!

Die bol van hierdie orgidee is nog altyd 'n baie gesogte kossoort by die Boesmans wat dit ken en word uitgegrawe waar hulle dit kry, ons werksmense ken dit goed, by die een pos waar hulle gebly het, kry ek nie meer plante nie .

Uit *Gemsbok Bean & Kalahari Truffle deur* (Arno Leffers) haal ek aan:

*Considering the quantities taken from the bush, one is surprised by the plant's regenerative capacities. It certainly shows how valued this species is with the local people, and it is used in a great variety of dishes.*


Die bol sit vlak onder die grond en kan baie maklik uitgehaal word. Seker het dit daarvoor so 'n versteekte groeiplek uitgesoek; dit is regtig skaars sigbaar.



Bol met tipiese wit wortels



stingel met persbruin kolle



blomme op die rits gaan van onder na bo oop

In die laat lente of vroeë somer na goeie reën stoot hulle hul blommerits uit en dan ook die blare. Die redelik smal blare is nie glad nie maar vertikaal geriffel (soos palmblare) en lyk amper soos breë blare van gras. Die kleur is dof blou-groen. Kenmerkend is die **persbruin spikkels** op die ligkleurige basis van die blare, waar hulle uit die grond kom; ons ander orgidee (*Eulophia speciosa*, Plantstories No 11) het dit nie.

As 'n mens die bol uitgrawe, sien jy in string agtermekaar en nog vas aan mekaar een of twee opgedroogde of amper opgedroogde bolle, een groot en vet ene vol plantsap en een kleintjie wat voor aan die string besig is om te groei.

Die bolle dien as opgaartenk en help by die voortplanting. Die opgedroogde bolle is "leë tenks", die vet ene is vol en versorg op die oomblik die plant. Uit hierdie "lewendige" bol groei dan ook die blom. Die klein bolletjie is die "tenk" vir die volgende seisoen, du sook volgende jaar se blomdraer. As ek sien, hoe selde 'n mens 'n blom raaksien, kan 'n mens veronderstel, dat hulle baie wys met die voorrade omgaan en nie blomme (en saad) produseer as dit nie gereën het nie.



Voortplanting geskied, so lyk dit vir my, deur vorming van nuwe "bolle" in goeie reëntye, maar natuurlik ook d.m.v. saadvorming. Die baie fyn swart saadkorreltjies sit in die langwerpige saadkapsules en word uitgeskiet as die kapsule droog is en oopspring. Net daar kan nuwe plantjies ontwikkel, waar dit onder gunstige toestande (koelte, vog, die regte grond) kan ontkiem en groei.

Ongelukkig kry ek nie veel meer inligting oor hierdie plant (wat nie gesien wil word nie). Arno Leffers het nog uitgevind, dat swanger Boesmanvrouens 'n bol om die nek vasgemaak aan 'n snoer dra as geluksbringer vir die ongebore babatjie.

Waar sal dit voorkom?

Soos met baie plante die geval is, weet ons nie regtig of dit selde voorkom of maar net nie gesien word nie; ek dink, *Eulophia hereroense* is skaars bekend en word ook nie so maklik gevind/gesien nie maar is nie so skaars as wat vermoed is. Dit groei in rooi Kalaharisand, onder bome en/of struik in diep skaduwee, word ongeveer 30 cm hoog, sy blommerits ietwat langer, maar steek nie sy kop bo by die sonlig uit nie. Ander plante wat daar voorkom, is *Terminalia sericea* (Nam. Geelhout), *Ozoroa paniculosa* (harpuisboom/-bos), *Grewia species* soos *Grewia avellana*, *Acacia fleckii*, *A. Ataxacantha*, *Combretum collinum*, *Bauhinia petersiana* (koffiebos) en natuurlik *Eulophia speciose*.

Inligtingsbronne: Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)  
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Desember 2017